



Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

30 April 2026

OMSENBRIEF 2/2026

REGISTRASIE VAN AFGEVAARDIGDES NA DIE 17de SINODE 2026 VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

Aan: Alle Saakgelastigdes / Leraars / Voorsitters van Kerkrade

Geagte Broeder/Suster/Dominee

Die 17de Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk vind DV plaas vanaf Maandag, 31 Augustus 2026 en sal duur tot Vrydag, 04 September 2026 en word by die AP Kerk Wonderboom in Pretoria gehou.

Die adres vir die AP Kerk Wonderboom is: h/v Daan De Wet Nel Rylaan en Ivorstraat, Hesteapark, Akasia, Pretoria.

Die registrasieproses gaan weer, soos die vorige Sinode, via 'n sinode webblad geskied. U kan die webblad vind by www.apksinode.com.

Daarin is drie hoofopskrifte aangebring nl. TUIS / GELOOFSBRIEF / SINODE NUUS.

- Onder **TUIS** sal u belangrike inligting en 'n inligtingsvideo vind.
- Onder **GELOOFSBRIEF** word die afgevaardigdes se besonderhede voltooi.
(*Afgevaardigdes behels Leraar, Primari en Sekundi*)
- Onder **SINODE NUUS** sal daar tersaaklike nuus geplaas word soos wat dit ontvang word.

Nadat u die inligting vir die Geloofsbrief voltooi en gestuur het, sal die webblad aan u 'n Geloofsbrief stuur na die eposadres wat vir die gemeente voltooi is. Druk dit asseblief uit en laat dit onderteken. Die afgevaardigdes bring dan die oorspronklik getekende Geloofsbrief saam na die Sinode wanneer hulle die oggend aanmeld.

Die sluitingsdatum vir registrasie is **30 Junie 2026**.

Met vriendelike groete

GJJ van Rensburg
n. Direkteur van kerkadministrasie